Dragon Wealth
(FSP 45015)

54 On Preller
54 Louw Wepener Street
Dan Pienaar Bloemfontein

T: 051 228 0022 • C: 083 280 4441
E: eben@dragonwealth.biz
www.dragonwealth.biz

**Oktober, die mooiste, mooiste maand.**

Geskryf, Oktober 2023 – deur Dr Eben Smith

So besing die digter DJ Opperman die maand waarin ons is. Op ons eie aandele markte het dit inderdaad so begin. Maar hoe belangrik is die beweging van markte werklik?

Die legendariese belegger Warren Buffet, reken dat dit geen rol moet speel nie en dat ‘n mens slegs moet kyk na die fundamentele aspekte van ‘n maatskappy. M.a.w. hoe lyk die boeke van die maatskappy, die bestuur, die toekomsplanne ens. As die aandeelprys van ‘n goeie maatskappy val, meen hy, koop hy nog aandele.

Die waarheid egter is dat dit nie so maklik is om werklik agter die kap van die byl te kom as dit kom by ‘n maatskappy se aandele kom nie.

Onder is ‘n een jaar grafiek van Sibanje-Stillwater. In September van 2023 is die maatskappy se lofgesange besing. Hulle het dividende verklaar wat tradisioneel ‘n goeie teken is. EN die klient het aandele gekoop. Vandaar het die aandeel net afdraand geloop en die kliënt het reeds 44% op sy belegging verloor.




Ek gesels die ander dag met ‘n mynkontrakteur wat baie werk doen by Sibanje. Sy woorde aan my is: “Die maatskappy is eintlik maar op die afdraande pad. ‘n Paar skagte het toegemaak en hulle sukkel met onwettige myners. Hulle het planne om in buurlande ook te myn, maar dit is ook net planne.”

Dragon Wealth
(FSP 45015)

54 On Preller
54 Louw Wepener Street
Dan Pienaar Bloemfontein

T: 051 228 0022 • C: 083 280 4441
E: eben@dragonwealth.biz
www.dragonwealth.biz

Wat leer ‘n mens hier? Die die fundamentele is baie baie belangrik. MAAR miskien moet ‘n mens nie het luister na fondsbestuurders nie. Kyk self na die boeke, EN praat met die mynkontrakteur. Hy werk daar. Hy weet beter.

Gaan Oktober 2023 uitdraai om die mooiste maand op die markte te wees? ‘n Mens weet nie. Daaroor het ‘n mens geen beheer nie. By Dragon Wealth fokus ons eerder op dit waaroor jy wel beheer het; naamlik ‘n goeie beleggingstrategie en mede-dingende fooie. Praat met ons dat ons jou kan help Hiermee.